

H O O F S T U K 6

EMPIRIESE ONDERSOEK : INTERPRETERING VAN DATA

6.1 INLEIDING

In hoofstuk 5 is aangetoon watter meetinstrument en prosedures in die empiriese ondersoek aangewend is. In hoofstuk 6 word die resultate van hierdie tegnieke en prosedures (vergelyk 1.4.2.6) op die response aangedui en bespreek.

6.2 FREKWENSIEVERSPREIDINGS

6.2.1 Rasionaal

Afdeling A van die vraelys (vergelyk bylae 4) bestaan uit die biografiese gegewens van die respondente en demografiese gegewens van die skole waaraan die respondente verbonde is.

Die doel van die insluiting van die betrokke frekwensieverspreidingstabelle is enersyds om 'n beeld te kry van die biografiese besonderhede van die skoolhoofde en die tipe skole waaraan die skoolhoofde verbonde is, en om andersyds uiteindelik afleidings en gevolgtrekkings te maak uit kruiskorrelasies tussen biografiese en demografiese besonderhede en die voorkoms van uitbranding.

6.2.2 Biografiese gegewens van skoolhoofde

Die response op vraag A1 (geslag), A2 (huwelikstaat), A3 (ouderdom), A5 (ervaring) en A6 (kategorie-indeling) word in tabel 6.1 gegee.

TABEL 6.1
BIOGRAFIESE GEGEWENS VAN RESPONDENTE

| Veranderlikes | Kategorie | f | % |
|----------------------------|------------------|-----|------|
| Geslag | Manlik | 269 | 95,7 |
| | Vroulik | 12 | 4,3 |
| Huwelikstatus | Getroud | 261 | 92,9 |
| | Nooit getroud | 11 | 3,9 |
| | Geskei/wed./wew. | 9 | 3,2 |
| Ouderdom | 30-39 Jaar | 19 | 6,8 |
| | 40-49 Jaar | 131 | 46,6 |
| | 50-59 Jaar | 129 | 45,9 |
| | 60 Jaar plus | 2 | 0,7 |
| Jare ervaring as skoolhoof | Minder as 1 Jaar | 13 | 4,6 |
| | 1-5 Jaar | 86 | 30,6 |
| | 6-10 Jaar | 76 | 27,0 |
| | 11-15 Jaar | 53 | 18,9 |
| | 16-20 Jaar | 27 | 9,6 |
| | Meer as 20 Jaar | 26 | 9,3 |
| Kategorie-indeling | C | 5 | 1,8 |
| | D | 83 | 29,5 |
| | E | 106 | 37,7 |
| | F | 64 | 22,8 |
| | G | 23 | 8,2 |

f = frekwensietellings; % = persentasie van relatiewe frekwensietellings;
wew. = wewenaar; wed. = weduwee

Uit tabel 6.1 is dit duidelik dat daar te min respondente in sekere kategorieë was (byvoorbeeld die aantal vroue = 12 (4,3%); respondente wat nooit getroud was nie = 11 (3,9%); en geskeide/weduwee/wewenaar = 9 (3,2%), om in berekening te bring om geldige afleidings daarvoor te maak. Enige gegewens wat nie in aanmerking geneem sal word by die interpretering van die data nie, sal waar dit ter sprake kom, dienooreenkomstig aangedui word. Voorts blyk dit dat die meeste respondente wat aan die ondersoek deelgeneem het (95,7%), mans was. Die huwelikstatus van die respondente dui op 92,9% getroudes teenoor 7,1% ongetroudes.

Ten opsigte van die ouderdom van die respondente val die grootste persentasie in die kategorie 40-49 jaar (131 = 46,6%). 'n Bykans gelyke aantal respondente (129) is in die kategorie 50-59 jaar (45,9%). Hieruit blyk dit dat ongeveer 93% van die respondente in die ouderdomsgroep 40-60 jaar val.

Wat die jare ervaring as skoolhoof betref, het 86 van die respondente (30,6%) 1 tot 5 jaar ervaring as skoolhoof, terwyl 76 (27,0%) ervaring van 6 tot 10 jaar het. Dit beteken dat 62,2% van die respondente minder as 10 jaar ervaring het, teenoor 37,8% wat meer as 10 jaar ervaring het.

Daar is slegs 5 respondente (1,8%) met 'n opleiding van 3 jaar (kategorie C), teenoor 189 (67,2%) met 'n 4 tot 5 jaar opleiding (kategorie D en E), en 87 (31%) met meer as 5 jaar opleiding.

6.2.3 Demografiese gegewens van skole waaraan respondente verbonde is

Die response op vraag A4 (taalmedium), A7 (sosio-ekonomiese status), A8 (tipe skool) en A9 (ligging) van die skole waaraan respondente verbonde is, word in tabel 6.2 gegee.

Op die vraelys (kyk bylae 4) word die geografiese ligging van skole in drie kategorieë aangedui, naamlik stedelik, semi-stedelik en platteland. Daar was skynbaar met die voltooiing van die vraelys verwarring tussen die stedelike en semi-stedelike kategorieë aangesien daar met die terugvoering van die vraelyste aanduidings was dat die respondente nie in alle gevalle 'n konsekwente onderskeid tussen die kategorieë (stedelik en semi-stedelik) getref het nie. Daarom is besluit om die stedelike en semi-stedelike kategorieë saam te voeg as 'n eenheid (stedelik). Wat die

TABEL 6.2

DEMOGRAFIESE GEGEWENS VAN SKOLE WAARAAN RESPONDENTE VERBONDE IS

| Veranderlike | Kategorie | f | % |
|-------------------------------|----------------------------|-----|------|
| Taalmedium | Afrikaans | 150 | 53,4 |
| | Engels | 108 | 38,4 |
| | Afrikaans en Engels | 23 | 8,2 |
| Sosio-ekonomiese status (SES) | Laag | 30 | 10,7 |
| | Gemiddeld | 130 | 46,3 |
| | Bo-gemiddeld | 60 | 21,4 |
| | Baie hoog | 28 | 10,0 |
| | Gemeng | 33 | 11,7 |
| Tipe skool | Gekompliseerd | 41 | 14,6 |
| | Graad S1 | 75 | 26,7 |
| | Graad S11 | 28 | 10,0 |
| | Graad P1 | 59 | 21,0 |
| | Graad P11 | 78 | 27,8 |
| Geografiese ligging | Stedelike en semi-stedelik | 200 | 71,2 |
| | Platteland | 81 | 28,8 |

f = frekwensietellings; % = persentasie van relatiewe frekwensietellings

sosio-ekonomiese status van die skole betref, is die kategorieë heringedeel in drie groepe, naamlik laag tot gemiddeld, bo-gemiddeld tot baie hoog, en 'n gemengde sosio-ekonomiese status. Die rede hiervoor was om enersyds 'n meer verteenwoordigende getal skoolhoofde vir elke kategorie te kry (vergelyk ook 5.2.5), en om andersyds die groepering te vereenvoudig en sinvoller te maak.

Teenoor die 150 respondente (53,4%) wat aan Afrikaanse skole verbonde is, is 108 (38,4%) aan Engelse skole en 23 (8,2%) respondente aan dubbelmediumskole verbonde.

Van die 281 skole wat by die ondersoek betrokke was, val 160 (57%) in die lae tot gemiddelde sosio-ekonomiese kategorie, 88 van die skole (31,4%) in die bo-gemiddelde tot hoë sosio-ekonomiese kategorie en 33 skole (11,7%) in die gemengde sosio-ekonomiese kategorie.

Die meeste hoofde van skole wat terugvoering oor die vraelyste gegee het, 78 (27,8%), is aan Graad PII-skole verbonde. Die tweede meeste respondente 75 (26,7%) is hoofde aan Graad SI-skole. Van die 281 respondente is 200 (71,2%) hoofde van skole wat in stedelike en semistedelike gebiede geleë is.

6.3 INTERPRETASIE VAN DIE MBI-VRAELYS

6.3.1 'n Vergelyking van die grade van uitbranding

Soos reeds vermeld in hoofstuk 5 (vergelyk 5.2.2.3), word die MBI-tellings in ses subskale aangedui. In tabel 6.3 word aangedui hoe dikwels die respondente die komponente van uitbranding, naamlik emosionele uitputting, depersonalisasie en 'n afname in persoonlike doeltreffendheid ervaar.

TABEL 6.3

FREKWENSIE-TABEL VAN DIE GRADE VAN UITBRANDING OP DIE FREKWENSIE-SKAAL (HOE DIKWELS KOM DIE GEVOEL VOOR)

| Subskaal | Grade van uitbranding | f | % |
|--|-----------------------|-----|------|
| Emosionele uitputting | Hoog | 83 | 29,5 |
| | Matig | 96 | 34,2 |
| | Laag | 102 | 36,3 |
| Depersonalisasie | Hoog | 65 | 23,1 |
| | Matig | 87 | 31,0 |
| | Laag | 129 | 45,9 |
| Afname in persoonlike doeltreffendheid | Hoog | 80 | 28,5 |
| | Matig | 92 | 32,7 |
| | Laag | 109 | 38,8 |

f = frekwensietellings; % = persentasie relatiewe frekwensietellings

Uit tabel 6.3 blyk dit dat 'n relatief hoë persentasie respondente (27% by benadering) uitbranding op 'n hoë graad (volgens die relatiewe frekwensietellings) vir elke subskaal ervaar. Hierdie persentasie bestaan uit 29,5% respondente wat 'n hoë graad emosionele uitputting ervaar, 23,1% wat 'n hoë graad van depersonalisasie ervaar en 28,5% wat 'n afname in persoonlike doeltreffendheid ervaar. Daar is ook 'n relatief hoë persentasie respondente wat 'n matige graad van uitbranding ervaar, naamlik 34,2% ervaar emosionele uitputting; 31,0% ervaar depersonalisasie en 32,7% ervaar 'n afname in persoonlike doeltreffendheid.

Op die subskaal van emosionele uitputting is daar in totaal 179 respondente (63,7%) wat 'n matige tot hoë graad van uitbranding ervaar teenoor 102 respondente (36,3%) wat 'n lae graad van uitbranding ervaar. Op die subskaal van depersonalisasie is daar in totaal 152 respondente (54,1%) wat matige tot hoë graad van uitbranding

ervaar teenoor 129 respondente (45,9%) wat 'n lae graad van uitbranding ervaar. Op die subskaal van 'n afname in persoonlike doeltreffendheid is daar in totaal 172 respondente (61,2%) wat matige tot hoë uitbranding ervaar teenoor 109 respondente (38,8%) wat 'n lae graad van uitbranding ervaar. Wanneer die subskale met mekaar vergelyk word, blyk dit dat op elke subskaal ongeveer twee derdes van die respondente 'n matige tot hoë graad van uitbranding ervaar, terwyl ongeveer een derde van die respondente op elke subskaal 'n hoë graad van uitbranding beleef.

In tabel 6.4 word aangedui hoe intens die respondente die komponente van uitbranding, naamlik emosionele uitputting, depersonalisasie en 'n afname in persoonlike doeltreffendheid ervaar.

TABEL 6.4

FREKWENSIE-TABEL VIR DIE GRADE VAN UITBRANDING OP DIE INTENSITEITSKAAL (HOE INTENS IS DIE GEVOEL)

| Subskaal | Grade van uitbranding | f | % |
|--|-----------------------|-----|------|
| Emosionele uitputting | Hoog | 58 | 20,6 |
| | Matig | 93 | 33,1 |
| | Laag | 130 | 46,3 |
| Depersonalisasie | Hoog | 62 | 22,1 |
| | Matig | 99 | 35,2 |
| | Laag | 120 | 42,7 |
| Afname in persoonlike doeltreffendheid | Hoog | 116 | 41,3 |
| | Matig | 96 | 34,2 |
| | Laag | 69 | 24,6 |

f = frekwensietellings; % = persentasie van relatiewe frekwensietellings

Uit tabel 6.4 blyk dit dat daar op elke subskaal 'n relatief hoë persentasie respondente (28%) is wat (volgens die relatiewe intensiteittellings) 'n hoë graad van uitbranding ervaar. Hiervan is 20,6% op die subskaal van emosionele uitputting, 22,1% op die subskaal van depersonalisasie en 41,3% op die subskaal van 'n afname in persoonlike doeltreffendheid. Op elke subskaal is daar 'n relatief hoë persentasie (34,2% by benadering) respondente wat (volgens die relatiewe intensiteittellings) 'n matige graad van uitbranding ervaar. Hiervan is 33,1% op die subskaal van emosionele uitputting, 35,2% op die subskaal van depersonalisasie en 34,2% op die subskaal van 'n afname in persoonlike doeltreffendheid.

Op die subskaal van emosionele uitputting is daar in totaal 151 respondente (53,7%) wat 'n matige tot hoë graad van uitbranding ervaar, teenoor 130 respondente (46,3%) wat 'n lae graad van uitbranding ervaar. Op die subskaal van depersonalisasie is daar in totaal 161 respondente (57,3%) wat 'n hoë tot matige graad van uitbranding ervaar teenoor 120 respondente (42,7%) wat 'n lae graad van uitbranding ervaar. Op die subskaal van 'n afname in persoonlike doeltreffendheid is daar 212 respondente (75,5%) wat 'n matige tot hoë graad van uitbranding ervaar, teenoor 69 respondente (24,6%) wat 'n lae graad van uitbranding ervaar. Op die subskaal van afname in persoonlike doeltreffendheid is daar 'n uitsondering in dié opsig dat daar 75,5% respondente is wat matig tot hoog uitgebrand is, wat relatief hoog is in verhouding met die ander subskale.

In tabel 6.5 word 'n samevatting van die vorige twee tabelle (tabelle 6.3 en 6.4) gegee ter wille van 'n samevattende geheelbeeld van frekwensies van die grade van uitbranding.

TABEL 6.5

FREKWENSIE-TABEL VAN DIE GRADE VAN UITBRANDING

| Subskaal | Grade van uitbranding | f | % |
|---|-----------------------|-----|------|
| 1. Emosionele uitputting (Frekwensie) | Hoog | 83 | 29,5 |
| | Matig | 96 | 34,2 |
| | Laag | 102 | 36,3 |
| 2. Emosionele uitputting (Intensiteit) | Hoog | 58 | 20,6 |
| | Matig | 93 | 33,1 |
| | Laag | 130 | 46,3 |
| 3. Depersonalisasie (Frekwensie) | Hoog | 65 | 23,1 |
| | Matig | 87 | 31,0 |
| | Laag | 129 | 45,9 |
| 4. Depersonalisasie (Intensiteit) | Hoog | 62 | 22,1 |
| | Matig | 99 | 35,2 |
| | Laag | 120 | 42,7 |
| 5. Afname in persoonlike doeltreffendheid (Frekwensie) | Hoog | 80 | 28,5 |
| | Matig | 92 | 32,7 |
| | Laag | 109 | 38,8 |
| 6. Afname in persoonlike doeltreffendheid (Intensiteit) | Hoog | 116 | 41,3 |
| | Matig | 96 | 34,2 |
| | Laag | 69 | 24,6 |

f = frekwensietellings; % = persentasie relatiewe frekwensietellings

Uit tabel 6.5 blyk dit dat daar op elke subskaal 'n relatief ooreenstemmende patroon tussen frekwensietellings en intensiteitellings vir elke graad van uitbranding is. Wat egter van belang is, is die feit dat die subskaal vir afname in persoonlike doeltreffendheid (intensiteit) 'n omgekeerde telling toon teenoor die ander subskale.

Die intensiteitellings vir 'n afname in persoonlike doeltreffendheid (subskaal 6) toon 'n omgekeerde patroon (hoog = 116, matig = 96 en laag = 69) teenoor die frekwensietellings vir afname in persoonlike doeltreffendheid op subskaal 5 (hoog = 80, matig = 92 en laag = 109). Die rede vir hierdie verskynsel kan moontlik in een of meer van die volgende faktore geleë wees:

- * Die betroubaarheid van die intensiteitskaal van die afname in persoonlike doeltreffendheid is laer as dié van die ander subskale.
- * Die respondente het die vrae verkeerd geïnterpreteer.
- * Dit is moeilik om te bepaal (meet) hoe intens die gevoel van afname in persoonlike doeltreffendheid is.

Op elke subskaal van die MBI is daar 'n hoë persentasie (van die relatiewe frekwensietellings en intensiteitellings) skoolhoofde wat matige tot hoë grade van uitbranding ervaar. Vir emosionele uitputting (frekwensietellings) is daar byvoorbeeld 29,5% van die skoolhoofde wat 'n hoë graad van uitbranding ervaar. Vir die afname in persoonlike doeltreffendheid (intensiteitellings) is daar byvoorbeeld 41,3% skoolhoofde wat 'n hoë graad van uitbranding ervaar. Met die uitsondering van die subskaal van 'n afname in persoonlike doeltreffendheid (intensiteitellings), is daar ongeveer 'n derde van die respondente (tussen 20,6% en 29,5%) wat aan 'n hoë graad van uitbranding ly, en by benadering ongeveer 'n derde van die respondente (tussen 31,0% en 35,2%) wat aan 'n matige graad van uitbranding ly. Op die subskaal van 'n afname in persoonlike doeltreffendheid (intensiteit) toon 'n noemenswaardige persentasie (75,5%) van die respondente 'n matige tot hoë graad van uitbranding.

6.3.2 Die verband tussen frekwensie en intensiteit van die MBI volgens die grade van uitbranding

Omdat die frekwensietabelle (tabelle 6.3 en 6.4) 'n verband tussen frekwensie en intensiteit vir elke subskaal aandui, word 'n chi-kwadraattoets uitgevoer om die mate van sekerheid van hierdie verband te bepaal. Chi-kwadraattoetse word gebruik om die verband tussen twee veranderlikes (in hierdie geval frekwensie en intensiteit) in 'n klassifikasie (in hierdie geval grade van uitbranding) te bepaal. Chi-kwadraattoetse vir die verband tussen frekwensie en intensiteit volgens die grade van uitbranding word in tabel 6.6 aangedui.

TABEL 6.6

CHI-KWADRAATTOETSE TUSSEN FREKWENSIE EN INTENSITEIT

| Subskaal | gv | χ^2 | $p > \chi^2$ |
|--|----|----------|--------------|
| Emosionele uitputting | 4 | 195,903 | 0,000 |
| Depersonalisasie | 4 | 254,704 | 0,000 |
| Afname in persoonlike doeltreffendheid | 4 | 126,743 | 0,000 |

gv = grade van vryheid; χ^2 = chi-kwadraat; p = waarskynlikheid

Met die grade van vryheid (gv) van 'n statistiek word die getal metings bedoel waarop die variansie of standaardafwyking vry is om enige waarde aan te neem. In kort word daarmee bedoel volgens hoeveel maatstawwe iets bereken word (in die geval van tabel 6.6 is die gv = 4). Chi-kwadraat dui aan hoe sterk hierdie verband is. Volgens tabel 6.6 is die waarskynlikheid (p) dat 'n χ^2 van 195,903 toevallig sal voorkom, kleiner as 0,05 (5%).

Volgens die chi-kwadraattoets (χ^2) kom daar 'n beduidende verband ($p > \chi^2 = 0,000$) vir elke subskaal (byvoorbeeld depersonalisasie) tussen die frekwensie en intensiteit (vir elke graad van uitbranding) voor. Enersyds is die waarskynlikheid (p) dat 'n χ^2 van 254,704 toevallig sal voorkom, kleiner as 0,05 (5%). Andersyds beteken dit dat die waarskynlikheid om verkeerdelik te beweer dat daar 'n verband tussen frekwensie en intensiteit (vir elke subskaal volgens die grade van uitbranding is, kleiner as 0,05 (5%) is. Samevattend blyk dit dat die intensiteit en frekwensie van elke subskaal, volgens die grade van uitbranding, 'n beduidende verband met mekaar toon.

6.3.3 Die korrelasiekoëffisiënt (r) tussen die subskale van die MBI

Die korrelasiekoëffisiënt van Pearson word aangewend om die verband tussen byvoorbeeld twee veranderlikes te bepaal. In hierdie besondere geval is die veranderlikes die frekwensie- en intensiteitellings. Die korrelasiekoëffisiënt tussen die intensiteit- en frekwensietellings van elke subskaal (emosionele uitputting, depersonalisasie en 'n afname in persoonlike doeltreffendheid) word in tabel 6.7 gegee. Korrelasie beteken die mate van saam-gaan-met-mekaar, van twee stelle afgepaarde (in hierdie geval intensiteit- en frekwensietellings) gegewens. Dit dui 'n verband aan in die sin van as een meer of minder word, verander die waarde van die ander ook in 'n sekere mate. Dit beteken nie noodwendig dat daar 'n oorsaaklike verband is nie. Verandering in die een veranderlike kan ook 'n oorsaaklike faktor van verandering in die ander faktor wees, maar dit hoef nie die geval te wees nie.

Waar die chi-kwadraattoets aangewend word om die verband tussen frekwensie en intensiteit volgens die grade van uitbranding te bepaal, word die korrelasiekoëffisiënt aangewend om die verband tussen die frekwensie- en intensiteitellings te bepaal.

TABEL 6.7

**KORRELASIEKOEFFISIËNT (r) TUSSEN INTENSITEIT- EN FREKWENSIE-
TELLINGS**

| Subskaal | r | $p > R $ onder Ho: $RHO=0$ |
|--|---------|--------------------------------|
| Emosionele uitputting | 0,87389 | 0,0001 |
| Depersonalisasie | 0,86854 | 0,0001 |
| Afname in persoonlike doeltreffendheid | 0,72561 | 0,0001 |

r = korrelasiekoeffisiënt; p = waarskynlikheid; $|R|$ = statistiek vir $p = 0$

Uit tabel 6.7 blyk dit dat daar 'n verband is tussen die intensiteit- en frekwensietellings van emosionele uitputting (0,87389), depersonalisasie (0,86854) en 'n afname in persoonlike doeltreffendheid (0,72561) vir skoolhoofde ($n = 281$). Dus dui $p > |R|$ aan dat die korrelasiekoeffisiënt beduidend van nul verskil. Dit wil sê, die waarskynlikheid om verkeerdelik te beweer dat die verband tussen intensiteit en frekwensie groter as nul is, is minder as 0,05 ($p > |R| = 0,0001$).

'n Uiters belangrike afleiding wat vervolgens uit tabel 6.7 gemaak kan word, is dat die beduidende verbande (tussen intensiteit en frekwensie) vir elke subskaal van die MBI, daarop dui dat vir hierdie besondere teikengroep (skoolhoofde in diens van die TOD), daar slegs van een van die veranderlikes (frekwensie of intensiteit van die MBI) gebruik gemaak kan word om uitbranding te meet. Dit is dus in ooreenstemming met wat Iwanicki en Schwab (1981:1167-1174) met hulle navorsing onder onderwysers bevind het (vergelyk 5.2.2.3).

6.4 DIE INTERNE KONSEKWENTHEID VAN DIE VRAELYS (BYLAE 4)

Die interne konsekwenheid (betroubaarheid) van die totale vraelys is deur die

alphakoëffisiënt van Cronbach vir die frekwensie- en intensiteitellings gemaak (vergelyk tabel 6.8). Die alphakoëffisiënt neem alle items in ag, maar daar moet ook op gelet word dat alphakoëffisiënte nie oortolligheid in ag neem nie. Die alphakoëffisiënt verwys ook na die homogeniteit van die items (veranderlikes) in die mate waarin dieselfde verskynsel (dit wil sê uitbranding) gemeet word.

TABEL 6.8

**ALPHAKOËFFISIËNT VAN CRONBACH OP DIE FREKWENSIE- EN INTENSITEIT-
SKALE VAN DIE TOTALE VRAELYS**

| Item weggelaat | Alphakoëffisiënt | | Item weggelaat | Alphakoëffisiënt | |
|-------------------|------------------|-------------|-------------------|------------------|-------------|
| | Frekwensie | Intensiteit | | Frekwensie | Intensiteit |
| 0 | 0,9434 | 0,9486 | 25 | 0,9406 | 0,9459 |
| 1 | 0,9412 | 0,9467 | 26 | 0,9404 | 0,9459 |
| 2 | 0,9412 | 0,9468 | 27 | 0,9413 | 0,9467 |
| 3 | 0,9411 | 0,9467 | 28 | 0,9465 | 0,9514 |
| 4 | 0,9438 | 0,9493 | 29 | 0,9411 | 0,9466 |
| 5 | 0,9427 | 0,9482 | 30 | 0,9415 | 0,9469 |
| 6 | 0,9413 | 0,9468 | 31 | 0,9407 | 0,9464 |
| 7 | 0,9441 | 0,9489 | 32 | 0,9463 | 0,9509 |
| 8 | 0,9403 | 0,9460 | 33 | 0,9415 | 0,9469 |
| 9 | 0,9451 | 0,9497 | 34 | 0,9409 | 0,9464 |
| 10 | 0,9418 | 0,9473 | 35 | 0,9416 | 0,9469 |
| 11 | 0,9413 | 0,9468 | 36 | 0,9410 | 0,9467 |
| 12 | 0,9468 | 0,9508 | 37 | 0,9406 | 0,9461 |
| 13 | 0,9407 | 0,9463 | 38 | 0,9406 | 0,9464 |
| 14 | 0,9422 | 0,9476 | 39 | 0,9406 | 0,9465 |
| 15 | 0,9427 | 0,9478 | 40 | 0,9416 | 0,9469 |
| 16 | 0,9408 | 0,9464 | 41 | 0,9409 | 0,9463 |
| 17 | 0,9451 | 0,9498 | 42 | 0,9465 | 0,9511 |
| 18 | 0,9454 | 0,9496 | 43 | 0,9407 | 0,9462 |
| 19 | 0,9456 | 0,9500 | 44 | 0,9413 | 0,9467 |
| 20 | 0,9411 | 0,9465 | 45 | 0,9426 | 0,9481 |
| 21 | 0,9446 | 0,9495 | 46 | 0,9412 | 0,9464 |
| 22 | 0,9419 | 0,9473 | 47 | 0,9406 | 0,9462 |
| 23 | 0,9410 | 0,9462 | | | |
| 24 | 0,9410 | 0,9461 | | | |

Uit tabel 6.8 blyk dit dat alle alphakoëffisiënte besonder hoog is (almal bo die 0,9000 vlak), wat 'n aanduiding is dat die interne konsekwentheid van die frekwensie- en intensiteitskaal betroubaar is. Dit beteken dat alle veranderlikes dieselfde eienskap (in hierdie geval uitbranding) meet. Die totale aantal veranderlikes van die frekwensieskaal toon 'n hoë kovariansie ($r = 0,9434$). Dieselfde geld vir die intensiteitskaal ($r = 0,9486$). Dit beteken dat daar 'n sterk homogeniteit tussen die veranderlikes is. Die vrae in die vraelys kan dus almal aangewend word in die meting van uitbranding.

6.5 DIE VERBAND TUSSEN DIE MBI EN BIOGRAFIESE EN DEMOGRAFIESE FAKTORE

6.5.1 Rasionaal

Die biografiese gegewens oor die skoolhoofde en die demografiese gegewens van die betrokke skole is respektiewelik in tabel 6.1 en 6.2 volgens frekwensieverspreidings gegee. Kruistabulerings tussen MBI-tellings en biografiese en demografiese gegewens is gemaak en chi-kwadraattoetse is vir elke kruistabulering uitgevoer om die MBI-tellings wat 'n verband met die biografiese en demografiese faktore toon, te identifiseer. Slegs tabelle van kruistabulerings wat 'n verband tussen MBI-tellings en biografiese en demografiese gegewens toon, word weergegee ten einde die aard van hierdie verband te beskryf. Die rede hiervoor is om te bepaal of die biografiese gegewens (ouderdom, ervaring of opleiding) van skoolhoofde 'n verband met die MBI toon. Sodoende kan die invloed van biografiese gegewens op skoolhoofde se ervaring van uitbranding byvoorbeeld aangetoon word. Demografiese veranderlikes kan om dieselfde rede ook 'n invloed uitoefen op die skoolhoof se ervaring van uitbranding.

Omdat die navorsing ondersoekend van aard is, word daar voorts slegs verwag dat daar 'n aanduiding van moontlike verbande gegee sal word. Daarom is dit voldoende

om slegs 90% (0,9) sekerheid te hê om bewerings oor verbande tussen MBI-tellings en die biografiese en demografiese besonderhede te ondersteun.

6.5.2 Die verband tussen die MBI en biografiese gegewens oor skoolhoofde

Volgens die Statistiese Konsultasiediens van die PU vir CHO, is daar 'n minimum van 30 respondente nodig om enige geldige afleidings te maak. Volgens die frekwensieverspreidings van biografiese veranderlikes (tabel 6.1) is dit duidelik dat die aantal vroulike skoolhoofde (12 = 4,3%) te min was om enige betroubare interpretasies van statistiese bewerkings te maak. Dieselfde beginsel geld ten opsigte van die huwelikstatus van skoolhoofde waar daar slegs 9 respondente (3,2%) geskeides/weduwees/wewenaars was en 11 respondente (3,9%) nooit getroud was nie. Voorgenoemde gegewens is gevolglik buite rekening gelaat by die interpretasie van data.

Die kategorieë vir die chronologiese ouderdom van respondente is ook gewysig. Omdat daar slegs 2 skoolhoofde bo 60-jarige ouderdom was, is die laaste kategorieë van ouderdom as "50 jaar plus" gegroepeer.

Volgens die chi-kwadraattoets (tabel 6.9) is daar met die uitsondering van een subskaal (gemerk met 'n *), nie 'n beduidende verband tussen die frekwensietellings of intensiteitellings van die MBI en die biografiese veranderlikes van skoolhoofde nie. Dit wil sê p_x dui aan dat daar, op een uitsondering na (gemerk met 'n *), meer as 10% waarskynlikheid is om verkeerdlik te beweer dat daar 'n verband bestaan tussen die MBI-subskaal en die betrokke veranderlike.

TABEL 6.9

DIE VERBAND TUSSEN DIE MBI EN BIOGRAFIESE VERANDERLIKES OOR SKOOLHOOFDE

| Vraag | Veranderlike | Subskaal | F/I | gv | χ^2 | $p > \chi^2$ |
|-------|----------------------------|--|-----|----|----------|--------------|
| 3 | Ouderdom | Emosionele uitputting | F | 4 | 3,096 | 0,542 |
| | | | I | 4 | 1,985 | 0,738 |
| | | Depersonalisasie | F | 4 | 2,737 | 0,603 |
| | | | I | 4 | 8,034 | 0,090* |
| | | Afname in persoonlike doeltreffendheid | F | 4 | 2,080 | 0,721 |
| | | | I | 4 | 4,995 | 0,288 |
| 5 | Jare ervaring as skoolhoof | Emosionele uitputting | F | 10 | 10,608 | 0,389 |
| | | | I | 10 | 11,521 | 0,318 |
| | | Depersonalisasie | F | 10 | 13,473 | 0,198 |
| | | | I | 10 | 8,718 | 0,559 |
| | | Afname in persoonlike doeltreffendheid | F | 10 | 8,099 | 0,619 |
| | | | I | 10 | 10,213 | 0,422 |
| 6 | Kategorie-indeling | Emosionele uitputting | F | 8 | 5,478 | 0,705 |
| | | | I | 6 | 5,316 | 0,504 |
| | | Depersonalisasie | F | 8 | 5,549 | 0,698 |
| | | | I | 8 | 10,526 | 0,230 |
| | | Afname in persoonlike doeltreffendheid | F | 8 | 7,565 | 0,477 |
| | | | I | 8 | 2,975 | 0,936 |

F = Frekwensie en I = Intensiteit; gv = grade van vryheid; χ^2 = chi-kwadraat en p = waarskynlikheid

Die chi-kwadraattoets wys op 'n verband tussen die MBI se intensiteitssubskaal van depersonalisasie en ouderdom van die skoolhoofde as veranderlike ($p > \chi^2 = 0,090$).

Die aard van die verband (kruistabulering van die voorgenoemde subskaal) word in tabel 6.10 weergegee.

Uit tabel 6.10 blyk dit dat daar op die subskaal van depersonalisasie (MBI) 36,84% skoolhoofde in die ouderdomsgroep 30-39 jaar, 22,14% skoolhoofde in die ouderdomsgroep 40-49 jaar en 19,85% skoolhoofde in die ouderdomsgroep 50 jaar plus uitbranding op 'n hoë graad ervaar. Voorts is daar 41,22% skoolhoofde in die ouderdomsgroep 40-49 jaar en 32,06% skoolhoofde in die ouderdomsgroep 50 jaar plus en 15,79% skoolhoofde in die ouderdomsgroep 30-39 jaar wat 'n matige graad van uitbranding ervaar. Daar is dus 'n groter persentasie skoolhoofde in die ouderdomsgroep 30-39 jaar wat 'n hoë graad van uitbranding ervaar as skoolhoofde in die ouderdomsgroep 40-49 jaar en 50 jaar plus. In teenstelling daarmee is daar 'n groter persentasie skoolhoofde in die ouderdomsgroep 40-49 jaar en 50 jaar plus wat 'n matige graad van uitbranding ervaar.

6.5.3 Die verband tussen die MBI en demografiese gegewens van die skole waaraan die skoolhoofde verbonde is

Die chi-kwadraattoetse vir kruistabulerings tussen die MBI-tellings en demografiese gegewens van skole waaraan die respondente verbonde is, word in tabel 6.11 weergegee.

TABEL 6.10**KRUISTABULERING TUSSEN DIE MBI EN DIE OUDERDOM VAN SKOOLHOOFDE (OP DIE SUBSKAAL VAN DEPERSONALISASIE)**

| Veranderlike | Subskaal | Grade van uitbranding | f | | | % | | |
|---------------|--------------------------------|-----------------------|------------|------------|--------------|---------------|---------------|---------------|
| | | | 30-39 jaar | 40-49 jaar | 50 plus jaar | 30-39 jaar | 40-49 jaar | 50 plus jaar |
| Ouderdom | Depersonalisasie (Intensiteit) | Hoog | 7 | 29 | 26 | 36,84 | 22,14 | 19,85 |
| | | Matig | 3 | 54 | 42 | 15,79 | 41,22 | 32,06 |
| | | Laag | 9 | 48 | 63 | 47,37 | 36,64 | 48,09 |
| Totaal | | | 19 | 131 | 131 | 100,00 | 100,00 | 100,00 |

f = frekwensietellings; % = persentasie van relatiewe frekwensietellings

TABEL 6.11

VERBAND TUSSEN DIE MBI EN DEMOGRAFIESE VERANDERELIKES VAN DIE SKOLE

| Vraag | Veranderlikes | Subskaal | F/I | gv | χ^2 | $p > \chi^2$ |
|-------|---|--|--------|--------|-----------------|-----------------|
| 4 | Taalmedium van skool | Emosionele uitputting | F I | 4 4 | 4,868 11,451 | 0,301 0,022* |
| | | Depersonalisasie | F I | 4 4 | 5,978 9,359 | 0,201 0,053* |
| | | Afname in persoonlike doeltreffendheid | F I | 4 4 | 2,746 2,170 | 0,601 0,705 |
| 7 | Sosio-ekonomiese samestelling (SES van skool) | Emosionele uitputting | F I | 8 8 | 7,365 14,751 | 0,498 0,064* |
| | | Depersonalisasie | F I | 8 8 | 7,000 5,932 | 0,537 0,655 |
| | | Afname in persoonlike doeltreffendheid | F I | 8 8 | 5,700 10,634 | 0,681 0,223 |
| 8 | Tipe skool | Emosionele uitputting | F I | 8 8 | 6,021 4,479 | 0,645 0,812 |
| | | Depersonalisasie | F I | 8 8 | 7,200 10,588 | 0,515 0,226 |
| | | Afname in persoonlike doeltreffendheid | F I | 8 8 | 11,690 7,038 | 0,166 0,533 |
| 9 | Gebied waarin die skool geleë is | Emosionele uitputting | F I | 2 2 | 2,544 5,357 | 0,280 0,069* |
| | | Depersonalisasie | F I | 2 2 | 1,177 0,412 | 0,555 0,814 |
| | | Afname in persoonlike doeltreffendheid | F I | 2 2 | 3,322 6,197 | 0,190 0,045* |

F = Frekwensie en I = Intensiteit; gv = grade van vryheid; χ^2 = chi-kwadraat en p = waarskynlikheid

Uit tabel 6.11 blyk dit dat daar, met die uitsondering van vyf subskale (gemerk met η^*), nie 'n beduidende verband tussen die frekwensietellings en intensiteitellings van die MBI en die demografiese veranderlikes van skole is nie ($p > \chi^2$). Dit wil sê p dui aan dat daar, met vyf uitsonderings (gemerk met η^*), meer as 10% kans bestaan om verkeerdelik te beweer dat daar 'n verband bestaan tussen die MBI-subskaal en die betrokke veranderlike.

Die kruistabulering en chi-kwadraattoets wys egter 'n beduidende verband tussen die volgende pare subskale (MBI) en demografiese veranderlikes (vergelyk tabel 6.11):

- * Die intensiteit van emosionele uitputting (MBI) en taalmedium van die skool ($p > \chi^2 = 0,022$).
- * Die intensiteit van depersonalisasie (MBI) en taalmedium van die skool ($p > \chi^2 = 0,053$).
- * Die intensiteit van emosionele uitputting en die sosio-ekonomiese samestelling van die skool ($p > \chi^2 = 0,064$).
- * Die intensiteit van emosionele uitputting (MBI) en die gebied waar die skool geleë is ($p > \chi^2 = 0,069$).
- * Die intensiteit van 'n afname in persoonlike doeltreffendheid (MBI) en die gebied waar die skool geleë is ($p > \chi^2 = 0,045$).

Die aard van die verband (kruistabulering) tussen voorgenoemde subskale van die

MBI en die demografiese veranderlikes word in tabelle 6.12 en 6.13 uiteengesit.

Uit tabel 6.12 kan afgelei word dat op die intensiteitskaal van emosionele uitputting (MBI), 'n groter persentasie hoofde van Engelsmediumskole as hoofde van Afrikaansmediumskole aan 'n hoë graad van uitbranding ly (hoofde van Engelsmediumskole = 28,70% teenoor hoofde van Afrikaansmediumskole = 14,00%). Meer hoofde van Afrikaansmediumskole as Engelsmediumskole ly aan 'n lae graad van uitbranding volgens die intensiteitskaal van emosionele uitputting op die MBI (hoofde van Afrikaansmediumskole = 54,00% teenoor hoofde van Engelsmediumskole = 37,97%).

Uit tabel 6.12 blyk dit ook dat 'n groter persentasie hoofde van Engelsmediumskole (27,78%) op die intensiteitskaal 'n hoë graad van uitbranding in die vorm van depersonalisasie ervaar as hoofde van Afrikaansmediumskole (16,00%). 'n Groter persentasie hoofde van dubbelmediumskole (Afrikaans en Engels) (30,43%) ervaar op die intensiteitskaal 'n hoë graad van uitbranding in die vorm van emosionele uitputting en depersonalisasie as hoofde van Afrikaansmediumskole (15%).

Uit tabel 6.13 blyk dit dat 'n groter persentasie hoofde van stedelike skole (23,00%) op die intensiteitskaal 'n hoë graad van uitbranding in die vorm van emosionele uitputting ervaar as hoofde van plattelandse skole (14,81%). Daarteenoor blyk dit dat 'n groter persentasie hoofde van plattelandse skole (45,68%) op die intensiteitskaal 'n hoë graad van uitbranding in die vorm van 'n afname in persoonlike doeltreffendheid ervaar as hoofde van stedelike skole (39,50%).

Voorts blyk dit dat meer hoofde van stedelike skole (35,00%) op die intensiteitskaal 'n matige graad van uitbranding in die vorm van emosionele uitputting ervaar as

TABEL 6.12

KRUISTABELERING TUSSEN DIE INTENSITEITSKAAL VAN EMOSIONELE UITPUTTING EN DEPERSONALISASIE VAN DIE MBI EN DIE TAALMEDIUM VAN DIE SKOOL

| Veranderlike | Subskaal | Grade van uitbranding | f | | | % | | |
|-----------------------------------|--|-----------------------|------------|------------|-------------|---------------|---------------|---------------|
| | | | Afr. | Eng. | Afr. & Eng. | Afr. | Eng. | Afr. & Eng. |
| Taalmedium van skool (Vraag 4) | Emosionele uitputting (Intensiteit) | Hoog | 21 | 31 | 6 | 14,00 | 28,70 | 26,09 |
| | | Matig | 48 | 36 | 9 | 32,00 | 33,33 | 39,13 |
| | | Laag | 81 | 41 | 8 | 54,00 | 37,97 | 34,78 |
| Totaal | | | 150 | 108 | 23 | 100,00 | 100,00 | 100,00 |
| Taalmedium van skool (Vraag 4) | Depersonalisasie (Intensiteit) | Hoog | 24 | 30 | 8 | 16,00 | 27,78 | 34,78 |
| | | Matig | 52 | 40 | 7 | 34,67 | 37,04 | 30,43 |
| | | Laag | 74 | 38 | 8 | 49,33 | 35,19 | 34,78 |
| Totaal | | | 150 | 108 | 23 | 100,00 | 100,00 | 100,00 |

Af. = Afrikaans en Eng. = Engels; f = frekwensietellings; % = persentasie relatiewe frekwensietellings

TABEL 6.13

KRUISTABULERING TUSSEN DIE INTENSITEITSKAAL VAN EMOSIONELE UITPUTTING EN 'N AFNAME IN PERSOONLIKE DOELTREFFENDHEID VAN DIE MBI EN DIE GEBIED WAAR DIE SKOOL GELEË IS

| Veranderlike | Subskaal | Grade van uitbranding | f | | % | |
|--------------------------------------|--|-----------------------|------------|------------|---------------|---------------|
| | | | Stedelik | Platteland | Stedelik | Platteland |
| Gebied waar skool geleë is (Vraag 9) | Emosionele uitputting (Intensiteit) | Hoog | 46 | 12 | 23,00 | 14,81 |
| | | Matig | 70 | 23 | 35,00 | 28,40 |
| | | Laag | 84 | 46 | 42,00 | 56,79 |
| Totaal | | | 200 | 81 | 100,00 | 100,00 |
| Gebied waar skool geleë is (Vraag 9) | Afname in persoonlike doeltreffendheid (Intensiteit) | Hoog | 79 | 37 | 39,50 | 45,68 |
| | | Matig | 77 | 19 | 38,50 | 23,46 |
| | | Laag | 44 | 25 | 22,00 | 30,86 |
| Totaal | | | 200 | 81 | 100,00 | 100,00 |

f = frekwensietellings en % = persentasie relatiewe frekwensietellings

TABEL 6.14

KRUISTABELERING TUSSEN DIE INTENSITEITSKAAL VAN EMOSIONELE UITPUTTING VAN DIE MBI EN DIE SOSIO-EKONOMIESE STATUS VAN DIE SKOOL WAARAAN DIE SKOOLHOOF VERBONDE IS

| Veranderlikes | Subskaal | Grade van Uitbranding | f | | | % | | |
|---|-------------------------------------|-----------------------|------------|-----------|-----------|---------------|---------------|---------------|
| | | | Laag Gem. | Bo-Gem. | Gemeng | Laag Gem. | Bo-Gem. | Gemeng |
| Sosio-ekonomiese samestelling (SES) (Vraag 7) | Emosionele uitputting (Intensiteit) | Hoog | 29 | 26 | 3 | 18,84 | 28,33 | 9,09 |
| | | Matig | 56 | 25 | 12 | 40,77 | 26,55 | 36,36 |
| | | Laag | 75 | 37 | 18 | 40,39 | 45,12 | 54,55 |
| Totaal | | | 160 | 88 | 33 | 100,00 | 100,00 | 100,00 |

Laag-gem. = laag tot gemiddeld; Bo-gem. = bo-gemiddeld tot baie goed; f = frekwensietellings; % = persentasie relatiewe frekwensietellings

hoofde van plattelandse skole (28,40%). Daarmee saam blyk dit dat meer hoofde van stedelike skole (38,50%) op die intensiteitskaal 'n matige graad van uitbranding in die vorm van 'n afname in persoonlike doeltreffendheid ervaar as hoofde van plattelandse skole (23,46%).

Uit tabel 6.14 blyk dit dat 'n groter persentasie hoofde van skole met 'n bo-gemiddelde sosio-ekonomiese status (28,33%) op die intensiteitskaal van die MBI 'n hoë graad van uitbranding in die vorm van emosionele uitputting ervaar as hoofde van skole met 'n lae tot gemiddelde (18,84%) en 'n gemengde sosio-ekonomiese status (9,09%). Daarteenoor blyk dit dat meer hoofde van skole met lae tot gemiddelde (40,77%) en gemengde sosio-ekonomiese status (36,36%) op die intensiteitskaal 'n matige graad van uitbranding in die vorm van emosionele uitputting ervaar as hoofde van skole met 'n bo-gemiddelde sosio-ekonomiese status (26,55%).

6.6 DIE VERBAND TUSSEN DIE MBI EN VRAE 23 TOT 47

6.6.1 Rasionaal

Soos reeds bespreek in hoofstuk 5 (vergelyk 5.2.2.3(d)), is vrae 23 tot 47 bykomende simptome van uitbranding wat uit die literatuur geïdentifiseer is (vergelyk 3.3.2). Hierdie bykomende simptome word geklassifiseer volgens die subskale van uitputting, naamlik emosioneel en kognitief (vraag 23 tot 33 en 36 tot 40), depersonalisasie (vraag 34 en 35) en 'n afname in persoonlike doeltreffendheid (vraag 41 tot 47; vergelyk bylae 4).

Kruistabulerings van MBI-tellings is met vraag 23 tot 47 gedoen en 'n chi-kwadraattoets is vir elke kruistabulering uitgevoer. Die doel van hierdie besondere statistiese bewerking is om eerstens vas te stel of die geïdentifiseerde simptome

wat uit die literatuur geïdentifiseer is, enigsins met die MBI (wat 'n geldige en betroubare meetinstrument is) 'n verband toon. Die tweede doel was om vas te stel of die simptome (wat verteenwoordigend is van al die komponente van uitbranding) 'n verband toon met die MBI en dus ook met die ervaring van uitbranding. Daar is dus gepoog om simptome uit die navorsingsliteratuur te identifiseer wat fisiese uitputting en die individuele afwyking van sy normale gedragspatroon verteenwoordig. Dit wil sê komponente wat nie in die MBI-vraelys verteenwoordig is nie. Laasgenoemde simptome kon egter nie as items in die vraelys (kyk bylae 6) ingesluit word nie, in opdrag van die Transvaalse Onderwysdepartement (kyk bylae 2).

6.6.2 Die verband tussen die MBI en vrae 23 tot 33 en 36 tot 40

Die verband tussen die MBI-tellings en vrae 23 tot 33 en 36 tot 40 word respektiewelik in tabel 6.15 en 6.16 uiteengesit.

Uit tabel 6.15 blyk dit dat daar 'n beduidende verband (0,000) tussen die MBI se tellings van emosie en vrae 23 tot 33 (emosionele uitputting) is. Die waarskynlikheid om verkeerdelik te beweer dat daar 'n verband tussen die emosionele subskaal van die MBI en vrae 23 tot 33 bestaan, is dus kleiner as 0,05 ($p < \chi^2 = 0,000$).

Uit tabel 6.16 blyk dit dat daar 'n beduidende verband (0,000) tussen die MBI se tellings van emosionele uitputting en vrae 36 tot 40 (kognitiewe uitputting) is. Die waarskynlikheid om verkeerdelik te beweer dat 'n verband tussen die subskaal van emosionele uitputting van die MBI en vrae 36 tot 40 bestaan, is dus kleiner as 0,05 ($p < \chi^2 = 0,000$).

DIE VERBAND TUSSEN MBI-TELLINGS EN VRAAG 23 TOT 33 (EMOSIONELE UITPUTTING)

| Vraag | Subskaal : Emosionele uitputting | F/I | gv | χ^2 | $p > \chi^2$ |
|-------|---|--------|----------|--------------------|----------------|
| 23 | Ek ervaar 'n gevoel van hopeloosheid | F I | 10 12 | 105,408 153,270 | 0,000 0,000 |
| 24 | Ek kry die gevoel van hulpeloosheid in my werk | F I | 10 12 | 108,686 150,161 | 0,000 0,000 |
| 25 | Ek voel bedruk | F I | 12 14 | 177,192 165,609 | 0,000 0,000 |
| 26 | Ek raak geïrriteerd in my werksituasie | F I | 12 14 | 172,846 167,967 | 0,000 0,000 |
| 27 | Ek voel bang, maar weet nie eintlik vir wie of waarvoor nie | F I | 12 12 | 97,064 90,979 | 0,000 0,000 |
| 28 | Ek voel dit is wonderlik om te lewe | F I | 10 12 | 51,411 60,868 | 0,000 0,000 |
| 29 | Ek voel ek bereik al hoe minder in my werk | F I | 12 14 | 95,556 125,904 | 0,000 0,000 |
| 30 | Ek bekommer my oor my werk | F I | 12 14 | 96,521 88,866 | 0,000 0,000 |
| 31 | Ek voel gespanne | F I | 12 14 | 134,299 146,714 | 0,000 0,000 |
| 32 | Ek voel gelukkig in my werk | F I | 10 12 | 73,258 47,174 | 0,000 0,000 |
| 33 | Ek voel geïsoleerd in my werk | F I | 12 14 | 66,530 87,409 | 0,000 0,000 |

F = Frekwensie en I = Intensiteit; gv = grade van vryheid; χ^2 = chi-kwadraat en p = waarskynlikheid (kyk 6.3.2 vir omskrywing van gv, χ^2 en p)

TABEL 6.16

DIE VERBAND TUSSEN MBI-TELLINGS EN VRAAG 36 TOT 40 (KOGNITIEWE UITPUTTING)

| Vraag | Subskaal : Kognitiewe uitputting | F/I | gv | χ^2 | $p > \chi^2$ |
|-------|--|--------|----------|--------------------|----------------|
| 36 | Dit voel of my werkinisiatief gedemp is | F I | 12 14 | 136,260 109,290 | 0,000 0,000 |
| 37 | Ek ervaar 'n gevoel van verlies in my effektiwiteit as leier | F I | 12 14 | 121,863 125,180 | 0,000 0,000 |
| 38 | Ek voel verstandelik uitgeput | F I | 12 14 | 142,750 156,662 | 0,000 0,000 |
| 39 | Ek ervaar 'n verlies aan konsentrasie | F I | 12 14 | 129,542 115,726 | 0,000 0,000 |
| 40 | Ek voel dat ek dinge maklik vergeet | F I | 12 14 | 78,627 93,613 | 0,000 0,000 |

F = frekwensie; I = Intensiteit; gv = grade van vryheid; χ^2 = chi-kwadraat en p = waarskynlikheid (kyk 6.3.2 vir omskrywing van gv, χ^2 en p)

6.6.3 Die verband tussen MBI en vrae 34 en 35

Die verband tussen die MBI-tellings van depersonalisasie en vrae 34 en 35 word in tabel 6.17 weergegee.

Uit tabel 6.17 blyk dit dat daar 'n beduidende verband (0,000) tussen die subskaal van depersonalisasie van die MBI en vrae 34 en 35 (depersonalisasie) is. Die waarskynlikheid om verkeerdelike te beweer dat 'n verband tussen die depersonalisasie subskaal van die MBI en vrae 34 en 35 bestaan, is dus kleiner as 0,05 ($p > \chi^2 = 0,000$).

6.6.4 Die verband tussen MBI-tellings en vrae 41 tot 47

Die verband tussen die subskaal van 'n afname in persoonlike doeltreffendheid van die MBI en vrae 41 tot 47 word in tabel 6.18 weergegee.

Uit tabel 6.18 blyk dit dat die verband tussen vrae 45, 46 en 47 se intensiteitskaal en die afname in persoonlike doeltreffendheidskaal van die MBI, nie beduidend is nie. Statisties beteken dit dat die waarskynlikheid om hierdie verband verkeerd te bewys, groter is as 0,05 (vraag 45 = 0,068, vraag 46 = 0,082 en vraag 47 = 0,331). Uit tabel 6.18 blyk dit dat daar, met die uitsondering van vrae 45, 46 en 47 (intensiteitskaal), 'n beduidende verband tussen die subskaal van 'n afname in persoonlike doeltreffendheid (MBI) en vrae 41 tot 47 is.

6.7 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is van verskeie statistiese tegnieke en prosedures gebruik gemaak om te bepaal in watter mate skoolhoofde uitgebrand is. Benewens die frekwensieverspreiding van biografiese veranderlikes by skoolhoofde en demografiese veranderlikes ten opsigte van die tipe skole, is gebruik gemaak van kruistablerings,

TABEL 6.17**DIE VERBAND TUSSEN MBI-TELLINGS EN VRAE 34 EN 35 (DEPERSONALISASIE)**

| Vraag | Subskaal : Depersonalisasie | F/I | gv | χ^2 | $p > \chi^2$ |
|-------|--|-----|----|----------|--------------|
| 34 | In my werksituasie voel ek uitgebuit deur kragte | F | 12 | 92,127 | 0,000 |
| | | I | 14 | 96,271 | 0,000 |
| 35 | Dit voel of ek in my werk meer gee as wat ek terug=ontvang | F | 12 | 62,897 | 0,000 |
| | | I | 14 | 70,827 | 0,000 |

F = Frekwensie en I = Intensiteit; gv = grade van vryheid; χ^2 = chi -kwadraat en p = waarskynlikheid

TABEL 6.18

DIE VERBAND TUSSEN MBI-TELLINGS EN VRAE 41 TOT 47 (AFNAME VAN PERSOONLIKE DOELTREFFENDHEID)

| Vraag | Subskaal : Afname in persoonlike doeltreffendheid | F/I | gv | χ^2 | $p > \chi^2$ |
|-------|---|--------|----------|--------------------|----------------|
| 41 | Ek voel dat my belangstelling in my werk afneem | F I | 12 14 | 32,394 27,770 | 0,001 0,015 |
| 42 | Ek voel entoesiasies oor my werk | F I | 10 12 | 105,460 105,528 | 0,000 0,000 |
| 43 | Wat in my werk gebeur, laat my vertrou in myself verloor | F I | 10 12 | 36,018 22,790 | 0,000 0,030 |
| 44 | Ek voel onbevoeg in my werksituasie | F I | 10 12 | 41,791 42,001 | 0,000 0,000 |
| 45 | Ek voel dat die organisasie sonder my kan klaarkom, maar ek kan nie | F I | 10 12 | 20,809 19,955 | 0,022 0,068 |
| 46 | Ek voel dat ek in my werksituasie beheer verloor | F I | 10 12 | 37,058 19,277 | 0,000 0,082 |
| 47 | Dit voel of my werkdoeltreffendheid afneem | F I | 12 14 | 25,763 15,723 | 0,012 0,331 |

F = Frekwensie en I = Intensiteit; gv = grade van vryheid; χ^2 = chi-kwadraat; en p = waarskynlikheid

chi-kwadraattoetse en korrelasiekoëffisiënte ter interpretering van die MBI ten opsigte van die grade van uitbranding en die verband tussen intensiteit- en frekwensietellings by skoolhoofde.

Daarna is die interne konsekwentheid van die intensiteit en frekwensieskale van die totale vraelys met behulp van die alphakoëffisiënt van Cronbach bereken. Die verband tussen die MBI en biografiese veranderlikes van skoolhoofde en demografiese veranderlikes van skole waaraan die skoolhoofde verbonde is, is vervolgens met behulp van kruistabulerings en chi-kwadraattoetse bepaal. Die verband tussen die MBI en vrae 23 to 47 (bykomende simptome) van die vraelys met behulp van chi-kwadraattoetse is bepaal.

In hoofstuk 7 word bevindings uit die literatuurstudie en empiriese ondersoek aangestip, waarna gevolgtrekkings gemaak en aanbevelings wat uit die studie voortvloei, gedoen word.